

10 MANIERE OM JOU KIND VERKEERD GROOT TE MAAK

1 Gee van kleins af alles aan jou kind wat hy/sy wil hê. So sal jou kind grootword, oortuig daarvan dat die wêreld hom/haar iets skuld en 'n verpligting het om hom/haar aan en in die lewe te hou.

2 As jou kind 'n krag- of vloekwoord leer, lag daaroor. Jou kind sal glo dat hy/sy grappig is.

3 Moenie op Sondae saam met jou kind kerk toe gaan nie. Moenie jou kind enige godsdienstige opvoeding gee nie. Wag totdat jou kind 30 jaar oud is en sien of hy/sy vanself besluit om God te leer ken.

4 Ruim op en maak alles netjies wat jou kind laat rondlê en vuilmaak. So gaan jy doen wat hy/sy nooit gaan leer om te doen nie.

5 Stry aanhoudend in jou kind se teenwoordigheid. Jou kind sal glad nie verbaas wees as die huwelik op die rotse loop en die gesin verbrokkel nie.

6 Gee jou kind al die geld waarvoor hy/sy vra. Laat jou kind dit spandeer soos hy/sy dit goed dink en jy stuur nog 'n onverantwoordelike volwassene die wêreld in.

7 Bevredig jou kind se elke begeerte. Jy dink mos om jou kind iets te ontsê gaan hom/haar met gevaarlike komplekse laat. So skep jy 'n diep selfsugtige mens wat 'n gevaar vir hom/haarself en die wêreld gaan wees.

8 Neem altyd jou kind se kant teen ander mense en onderwysers, dan leer jy hom/haar dat hulle nooit verkeerd is nie en met alles kan wegkom.

9 Wanneer jou kind in ernstige moeilikheid kom, vra namens jou kind om verskoning en neem self die blaam; en jy is goed op pad om 'n monster te skep.

10 Wees verseker dat jy deur hierdie dinge vir jou kind te doen en hom/haar toe te laat om altyd hulle sin te kry, jou eie lewe, jou kind se lewe en ander mense se lewe, 'n lewende hel gaan maak.